
Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.



Jrg. 11. Kaapstad, 11 Junie 1952. Prys 3d. Nr. 28.

U.R. DUI PRAKTIESE WEG AAN

Nie Terug Na Partypolitiek

Die Uitvoerende Raad van die Ossewabrandwag wat op Saterdag, 7 Junie in Bloemfontein vergader het, onder voorsitterskap van prof. dr. D. J. van Rooy, het na afloop van die vergadering die volgende verklaring uitgereik:

„Die Uitvoerende Raad het met leedwese kennis geneem van die pogings wat dr. J. F. J. van Rensburg aanwend en van die verklarings wat hy doen sedert hy bedank het as leier van die Ossewabrandwag, om O.B.-lede weg te lei van die tradisionele koers van die O.B. af en terug te voer na die partystelsel wat die O.B. konsekwent verwerp het.

„In soverre voorgegee word dat sodanige optrede in ooreenstemming sou wees met die besluite van die Grootraad wil die U.R. uitdruklik verklaar dat dit 'n verkeerde stelling is.

SELFSTANDIG

„Om te verhoed dat lede van die O.B. mislei word ag die U.R. dit sy plig om by herhaling baie uitdruklik die beleid van die O.B. te stel en die beweging se koers weereens gesaghebbend aan te dui:

„Die Ossewabrandwag is en bly 'n selfstandige organisasie met eie doel en rigting. Hy stel as sy positiewe taak die voortdurende kragtige propagering deur sy leiding en organe van die partylose republikeinse staat.

SAMEWERKING

„Terselfdertyd verwelkom hy samewerking met persone en groepe wat bereid is om hulle vir die omskepping van die huidige parlementêre partystelsel tot dié van die partylose staat te beywer en wat bereid is om alle moontlike stappe ter verwesenliking van hierdie doelstelling te doen en te steun.

„Die U.R. voel dat die praktiese stappe tot sodanige samewerking nou gedoen moet word sodat daar 'n middelpunt tot stand kan kom waaruit koers en vertroue kan straal.

SKAKELKOMITEE

„As eerste stap stel die U.R. voor dat vorming van 'n skakelkomitee verteenwoordigende groepe en persone wat hulle bereid verklaar om 'n nie-partypolitieke front te stig en op te bou wat buite en binne die parlement die stryd sal voer vir die

- **(a) omskepping van die huidige Suid-Afrikaanse staat tot 'n partylose republikeinse staat; met**
- **(b) algehele territoriale segregasie vir alle nie-blankes; en**
- **(c) bestaansveiligheid vir elke lid van die volk."**

GEVAARLIKE ROOIES IN SUID-AFRIKA

By geleentheid van 'n vergadering op George het dr. T. E. Dönges, minister van binnelandse sake, gesê dat daar vyftien persone in Suid-Afrika is wie se name op 'n Amerikaanse lys van vyfhonderd „gevaarlike kommuniste" buitekant Amerika verskyn. Behalwe hierdie lys gevaarlike kommuniste kon dr. Dönges ook nog die personeel van die Russiese konsulaat in Suid-Afrika genoem het. Volgens die getuienis van 'n voormalige Russiese spioen in Kanada, Gouzenko, is elke Rus in 'n Sowjet-gesantskap hoof van 'n spioenasiering, en belas met ondermyningswerk.

In sy toespraak het dr. Dönges gesê dat daar bewyse is dat kommunistiese leerstellings van Suid-Afrika oor die hele Afrika versprei word.

'n Paar jaar gelede het die Belgiese veiligheidsdiens 'n verslag opgestel waarin op die Russiese metodes van ondermyning in Afrika gewys is. Pretoria is toe genoem as die hoofsetel van die kommunistiese spioenasiediens. Die Russiese konsulaat het indertyd uit 27 lede bestaan, volgens die verslag, en hulle was belas met die insameling van ekonomiese en militêre inligting sover dit die hele Afrika betref, en veral ook die Kongo, waar daar ryk uraan-myne is. **Hierdie konsulaat werk saam met die ander groot kommunistiese kwartier in Afrika, die gesantskap in Addis Abeba, hoofstad van Abessinië, waar daar toe 120 amptenare aan die Sowjetgesantskap verbonde was. Hul taak is hoofsaaklik die voorbereiding van sabotasie en gewapende organisasie.**

Dat die regering bewus is van hierdie feite spreek nie alleen vanself nie, maar meer as een kabinetslid, byvoorbeeld mnre. Eric Louw en Ben Schoeman, het reeds in die openbaar na die gevaarlike bedrywigheid van die Russiese konsulaat in Pretoria verwys. **As die regering egter gevra word waarom hy nie teen hierdie amptenare van Moskou optree deur hulle die land uit te sit nie, blyk dit dat Brittanje die Unie belet om dit te doen. Die verskoning is naamlik dat ons „verpligtinge teenoor ander Statebondslande het."**

(Vervolg van kolom 5)

ter van justisie verkoop. Die vraag na hierdie koerant het dermate gestyg dat die tweede oplaag met duisende vergroot moes word. Inderdaad het die sirkulasie onmiddellik gestyg na 8,000 meer as wat die Guardian se hoogste sirkulasie in die afgelope twee jaar was.

Nuwe Lesers

Die name van nog sewe nuwe intekenare wat deur ywerige lesers gewerf is, het ons bereik.

Mnr. H. L. Neethling, Tuinplaats, het twee intekenare vir ses maande elk gestuur, mnr. N. J. Dorfling, Steytlerville, een vir een jaar en mev. J. Theron, Koffiefontein, vier vir een maand elk.

Ons hartlike dank aan hulle. Ons weet u doen dit terwille van die saak, maar vir die drie ywerigste werwers wag daar 'n sakkie heerlike Suidwes-biltong.

SOU O.B. AGTER PARTY WIL AANHAAK

Die moontlikheid dat dr. Van Rensburg homself weer sal verklaar tot leier van die Ossewabrandwag met die doel om die Beweging agter die Nasionale Party in te skakel, word uitgespreek in 'n berig in Die Vaderland, afkomstig van sy politieke korrespondent in Kaapstad, waar dr. Van Rensburg hom daardie week bevind het.

Die korrespondent meld dat dr. Van Rensburg 'n samespreking met dr. Malan gehad het, en dat daar nou weer die beste betrekkinge tussen hom en die Nasionale Partyleier bestaan ondanks wat in die verlede gebeur het.

Die berig lui as volg:

„Dr. Hans van Rensburg voormalige leier van die Ossewabrandwag, is vasbeslote om binne die bestek van sy vermoë geen steen onaangeroerd te laat om die nasionaalgesinde geledere te sluit en die Nasionale Regering in sy stryd te steun nie.

„Volgens ons politieke korrespondent uit Kaapstad berig, is dit met die oog op sekere ontwikkelinge in die Ossewabrandwag heeltemal moontlik dat dr. Van Rensburg sy bedanking as leier van die Ossewabrandwag sal terugtrek ten einde hom in staat te stel om die konsolidasie van Nasionale kragte vanaf binne die Ossewabrandwag voort te sit.

„VOORWAARDE"

„Toe dr. Van Rensburg as leier van die Ossewabrandwag bedank het, het hy as voorwaarde gestel dat daar so spoedig moontlik 'n uniale kongres (laertrek) van verteenwoordigers van die O.B. uit alle dele van die land belê sou word, sodat hy in staat gestel kan word om aan sy voormalige offisiere en volgelinge te verduidelik waarom hy as leier van die beweging bedank het. Hy het gevoel dat dit noodsaaklik is om alle misverstand uit die weg te ruim. Hy het dit veral nodig geag omdat 'n klein seksie, hoofsaaklik in Wes-Kaapland en gesteun deur die nuusblad van die beweging, Die O.B., nie bereid was om tot versoening met die Nasionale Party te geraak nie. Die blad het dan ook sedert dr. Van Rensburg se bedanking in Februarie sy onversoenlike houding gehandhaaf met die gevolg dat daar selfs vandag nog 'n mate van onenigheid en misverstand bestaan.

„VERSUIM"

„Intussen het die nuwe leiding van die Ossewabrandwag versuim om die ‚laertrek' te belê hoewel dr. Van Rensburg herhaaldelik daarop aangedring het.

„Aangesien dr. Van Rensburg se bedanking voorwaardelik was, d.w.s. dat 'n laertrek gehou sal word, kan hy nou sy bedanking terugtrek en as leier self die laertrek belê. Hy is blykbaar van mening dat hy sterk genoeg is om in so 'n kongres die merendeel van die Ossewabrandwag — ondanks die houding van die blaadjie — te kan beweeg om die Regering te steun.

„AKTIEWE ONDERSTEUNING"

„Hoe sake ook al ontwikkel, dit is seker dat dr. Van Rensburg nie van die ingeslane weg van aktiewe ondersteuning van die Regering gaan afwyk nie, veral met die oog op die gevare wat op die oomblik die Nasionale Afrikanerdom bedreig.

„Dr. Van Rensburg het reeds vroeër gedurende hierdie sitting van die Parlement saam met mnr. N. C. Havenga 'n samespreking met die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, in Kaapstad gehad. Na verneem word, het hierdie samespreking in 'n gees van die grootste welwillendheid aan beide kante plaasgevind en die beste betrekkinge is weer tussen die hoofleier van die Nasionale Party en die voormalige leier van die Ossewabrandwag herstel."

In antwoord op hierdie berig het die voorsitter van die Grootraad, prof. D. J. van Rooy, as volg aan Die Vaderland geskryf:

WANVOORSTELLING

„U Kaapstadse politieke korrespondent is swak op hoogte met O.B.-aangeleenthede. Vandaar die misleidende berig in u uitgawe van 31 Mei. Daarin beweer hy o.a.: ‚Intussen het die nuwe leiding van die O.B. versuim om die laertrek te belê hoewel dr. Van Rensburg herhaaldelik daarop aangedring het.' **As voorsitter van die Grootraad dra ek geen kennis van enige versuim in hierdie opsig nie, nog minder van enige geleentheid waarby dr. Van Rensburg op die belegging van 'n laertrek sou aangedring het nie. Hy is volkome op hoogte van die poginge wat aangewend word om hierdie doel te bereik, asook met die feit dat dit al verwesenlik kon gewees het was dit nie vir die betreurde optrede van 'n sekere hooggeplaaste O.B.-amptenaar nie wat nòg na hom nòg na die waarnemende leier wou luister.** Laasgenoemde was op die duur verplig om hierdie amptenaar te skors en om hom sonder dié se hulp op hoogte van toestande te bring. Daarmee het die waarnemende leier nou sover gevorder dat 'n U.R.-vergadering binne enkele dae op Bloemfontein plaasvind om verdere stappe te oorweeg."

Sedertdien is die U.R.-vergadering gehou, waarvan daar 'n berig in hierdie blad verskyn.

EEDAFLEGGING GEPAARD MET EERBETUIGING

Die „Vryheid van die stad Londen," wat volgens onlangse berigte ook aan dr. D. F. Malan aangebied sal word, is verlede week aan die Australiese eerste minister, Robert Menzies, geskenk tydens sy besoek aan Engeland. Die plegtigheid het in aanwesigheid van Statebondsverteenwoordigers en ander Britse hoë lui plaasgevind, en het ook ingehou dat Menzies 'n eed moes aflê dat hy nie sal deelneem aan vergaderings en sameswerings teen die koningin nie.

Nuwe Koerant in Plek van Oue: Meer Lesers

In die plek van The Guardian wat deur die regering kragtens die wet op onderdrukking van kommunisme voorverlede week in die ban gedoen is, het 'n nuwe koerant met die naam Clarion verskyn wat deur dieselfde personeel en maatskappy uitgebring word.

Die eerste uitgawe van Clarion is deur mnr. Sam Kahn persoonlik aan mnr. C. R. Swart, minis-

(Vervolg in kolom 1)

O.B. VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

Besoek ons wanneer u in Kaapstad is

Ons pryse—die billikste *Ons diens—die beste*

DIE O.B., WOENSDAG, 11 JUNIE 1952

DIE GROOTRAAD EN O.B.-KOERS

Sedert die Grootraadsitting in Oktober verlede jaar word daar deur sommiges aanhoudend gemor teen 'n deel van die besluite wat daar geneem is. Die voorstelling word gegee asof daar dan 'n teenstrydigheid tussen die besluit ten opsigte van dr. Van Rensburg se optrede en dié ten opsigte van die O.B. se toekomsrigting sou wees.

Ons wil dadelik beklemtoon dat die Grootraad ál die voorstelle breedvoerig bespreek het en presies ingelig was omtrent wat dit alles inhou. Die besluit wat betrekking gehad het op dr. Van Rensburg se optrede in verband met die eenwording van die partye het geen nuwe wending in die O.B.-koers teweeg gebring nie. Die besluit het gelui:

> „Die Grootraad keur die optrede van die K.G. in sy ondersteuning van eenwording van die nasionale Afrikanerdom **op parlementêre terrein** goed.
>
> „Aangesien die O.B. **as sodanig geen partypolitieke organisasie is nie,** laat die Grootraad dit aan lede van die Beweging heeltemal vry om na eie oortuiging by die te stigte N.P. aan te sluit of nie.
>
> „Die Grootraad sien as **positiewe taak** van die O.B. die voortdurende kragtige propagering van die republikeinse staat geskoei op die model van die tradisionele **partylose Republiek** van Transvaal, aangepas by die bestaanslewe van die volk op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied."

Hierdie besluit bevat in geen enkele opsig iets nuuts nie. Dit is alles O.B.-beleid soos sedert 1943 gepropageer toe die Beweging vir die eerste maal ná die skeuring sy aanbod van samewerking in verkiesingstye met die destydse H.N.P. gemaak het op voorwaarde dat laasgenoemde met die ander nasionale parlementêre groepe 'n verenigde front skep, en die O.B. se selfstandige bestaan erken.

Ons het nog altyd groter samewerking op parlementêre gebied verwelkom, **maar terselfdertyd het die Ossewabrandwag beklemtoon dat hy sy samewerking alleen met behoud van sy identiteit kan verleen. Daar was nooit enige sprake dat die Beweging terwille van partye se samewerking moes ophou om sy eie koers in te slaan nie. Inteendeel.** Dr. Van Rensburg se verklaarde motief toe hy O.B.-lede aangemoedig het om by die Afrikanerparty aan te sluit, was juis om daardeur die H.N.P.-leiding te dwing om sy vyandskap teen die O.B. te staak.

Dat die Grootraad dus dr. Van Rensburg se optrede ten opsigte van die partye se eenwording goedgekeur het — dit wil sê goedgekeur het dat hy daardie eenwording nie teengestaan het nie, dog bevorder het — was net so vanselfsprekend as wat dit in ooreenstemming met die aanvaarde beleid was. **Maar dit het nie die Ossewabrandwag se selfstandige koers na 'n partystelsellose republiek beïnvloed nie. Daarvoor spreek immers die volgende deel van die besluit wat lede toelaat om na willekeur by die nuwe party aan te sluit of nie aan te sluit nie, en die herbeklemtoning van die „positiewe" taak van die O.B. (propagering van die partylose republiek).** Nog nooit het die Ossewabrandwag enige van sy lede belet om aan 'n party te behoort nie. Dit was H.N.P.-lede wat belet was om aan die Ossewabrandwag te behoort.

Die voormelde besluit het dus eerstens die optrede van die leier ten opsigte van 'n **afgehandelde saak,** die samesmelting, goedgekeur, en tweedens opnuut die ou gevolgde beleid beklemtoon.

En nadat dit geskied het, is 'n verdere besluit geneem met 'n praktiese oog op die toekoms. Hierdie besluit het gelui dat dit die spesifieke taak van die Ossewabrandwag is „om die praktiese stappe ter verwesenliking van die ideaal van 'n republiek met 'n eie Afrikaanse staatstelsel op die grondslag van volksregering in plek van die Britse partystelsel voor te berei" deur propagering en bestudering van sy staatsbeskouings **en die skepping van 'n front so breed as moontlik van persone en groepe wat bereid is om die partystelsel te verwerp reeds vir die huidige Suid-Afrikaanse staat.** Ten slotte het die besluit ingehou dat die Ossewabrandwag hom „geheel en al onttrek aan die partypolitiek en dat sy leiding hom uitsluitend en aktief bepaal by die bereiking van voornoemde doelstellings."

In hierdie besluit het die Grootraad dus 'n stap verder gegaan as die vorige waar die ideaal van 'n partylose republiek as „positiewe taak" gestel is. Nou is ook die METODE van uitvoering van daardie taak bepaal, naamlik die skepping van 'n breë front van partyloses as die eerste stap tot verwesenliking van ons ideaal.

Niemand kan enige teenstrydigheid hierin aantoon nie. **Slegs vir diegene wat die Ossewabrandwag as sodanig agter die party — en dus agter die partypolitiek — wil inskakel as sy „positiewe taak," kan daar 'n teenstrydigheid wees, maar dan is die teenstrydigheid nie in die Grootraad nie, maar in hulle eie gemoed; want 'n organisasie kan nie tegelyk uitsluitend die partypolitiek dien en dan nog 'n partylose republiek as ideaal nastrewe nie.**

(Vervolg van kolom 5)

DIGES en nie van LEKE wat net deskundiges is op die gebied van stemmewerf en uitoorlêery nie.

Dan bestaan daar hoop dat Suid-Afrika sy magtige vraagstukke die hoof sal kan bied. Maar op die oomblik is die grootste vraagstuk die Britse partystelsel, **oorgelewer aan ons ná die verowering deur die veroweraar.**

WOORDJIE AAN MY VRIEND, DIE BUITESTAANDER

Twee Span Osse

Watter boer sal so dom wees om as hy sy wa uit die modder wil sleep, 'n span osse voor sowel as agter aan die wa te haak en die twee spanne dan in teenoorgestelde rigting te laat trek?

U sê niemand nie? En tog, dit is wat ons volk vir die afgelope veertig jaar al doen op politieke gebied, en daarom kon nog geen vraagstuk in ons land opgelos word nie, net so min as wat die boer sy wa uit die modder kan trek.

In Suid-Afrika is die **partystelsel** ingevoer onder die Britse oorheersing, want dit is nie iets Afrikaans nie. In die Boererepubliek van Transvaal was daar geen parlementêre stelsel met sy partye nie, geen „leier van die opposisie" en geen party-koukusse nie. Daar was net 'n volksraad met vry verkose volksverteenwoordigers wat vryelik gestem het oor sake van die land. Die teenstander van die president in die verkiesing het nie „opposisieleier" geword wat hom in alles moes opponeer nie, dog is in die geval van genl. Piet Joubert opgeneem in die „kabinet" as minister van verdediging — of „kommandantgeneraal" soos hy toe geheet het.

Nie alleen het Transvaal oor 'n vrye volksraad beskik nie, maar die deelname van partye aan 'n verkiesing is deur wetgewing verbied. Artikel 9 van Wet Nr. 3 van 1894 het gelui:

> **„In geen geval zal het optreden van verkiezingscomite's by eenige verkiezing en op eenige bijeenkomst geoorloofd zijn."**

Dit wil sê geen kandidaat mag 'n organisasie soos 'n politieke party agter hom gehad het nie.

Nie net is organisasies by 'n verkiesing verbied nie, maar Artikel 5 van die wet het belet dat enigiemand buite sy eie kiesafdeling aan 'n verkiesing mag deelneem (behalwe om sy stem uit te bring as hy 'n magtigingsbrief het van sy eie veldkornet):

> „Niemand mag buiten de wijk zijner inwoning **deelnemen aan** of zijn stem uitbrengen by eene verkiezing . . . "

Dit wil sê die bystand van party-agente en die invoer van kandidate uit ander distrikte was in Transvaal verbied.

Toe Engeland in 1906 selfregering aan Transvaal gegee het, het hy as voorwaarde gestel dat die partystelsel ingevoer moet word — **net soos hy na die afgelope oorlog van die verslane Duitsers geëis het om die partystelsel in te voer.**

Wat is die Partystelsel?

Hierdie stelsel gaan uit van die standpunt dat daar alleen deeglike regering kan wees as die volk in **twee groepe** verdeel word — die een regeer en die ander opponeer. **Dit gaan dus uit van die standpunt dat 'n wa alleen behoorlik getrek kan word as daar twee spanne osse is: een vóór die wa wat trek, en een agter die wa wat rem.**

Hierdie stelsel bring verder mee dat die volk in twee strydende of oorlogvoerende kampe verdeel word wat **verplig** word om mekaar op **elke** punt teen te staan, al voel die volgelinge ook hoe eenders daaroor. Vergelyk byvoorbeeld dr. Malan se woorde in die parlement 'n paar jaar gelede in verband met die Indiër-wetgewing van genl. Smuts. Dr. Malan het hom volgens Hansard (Nr. 13 van 1947, par. 5,771) as volg uitgelaat nadat hy voorgestel het dat die wetgewing nie as partymaatreël behandel moes word nie:

> „As jy dit sou doen dan lig jy die hele saak uit die partypolitieke arena. Dan maak jy daarvan 'n **nasionale** saak. Dan skakel jy uit by die besprekings daarvan, by die oorweging daarvan, alle partygevoel en jy skakel uit die behaal van alle partyvoordeel; **met ander woorde jy maak die verskillende partye wat hier is daardeur los van die tirannie van die partysweep. Jy stel hulle in vryheid om die saak te beskou en om te handel ooreenkomstig hulle eie oortuiging en die oortuiging van hul kiesers."**

Die partystelsel is dus, volgens hierdie ervare kenner van die politiek, nie in staat om van 'n vraagstuk 'n „nasionale saak" te maak nie, en laat lede ook nie toe om ooreenkomstig hul eie

Knip hierdie uit en gee dit aan 'n Vriend buite die O.B.

oortuiging te stem nie. **Maar as dit vir die Indiërvraagstuk geld, dan geld dit ook vir die naturelle- en enige ander volksvraagstuk. Hou al hierdie vraagstukke buite die partypolitiek deur in die eerste plaas die partystelsel self af te skaf en te vervang deur 'n volkspolitieke stelsel soos in die dae van die Republiek.**

BURGEROORLOG

Die partypolitiek is niks anders nie as 'n stelsel van konstitusionele burgeroorlog waarin die een party met alle middels—behalwe wapengeweld — verhoed dat die ander aan bewind kom, en as hy aan bewind gekom het, **verhoed dat hy behoorlik regeer,** want sy mislukking is die opposisie se geleentheid. **In plaas dat die regering met die hele volkskrag vraagstukke aandurf, is hy vir vyf jaar net besig om die een, vir hom alles oorheersende vraagstuk, nl. die volgende verkiesing, aan te durf.**

Daarom is die naturellevraagstuk vandag verder van 'n oplossing as in 1910, en is die Indiërvraagstuk vandag 6,000 myl ver (voor die V.V.O.) van 'n oplossing. **Dit is omdat die een span osse voor en die ander agter aan die wa trek.**

As ek die beginsels van die partystelsel op my huis moet toepas sal my huwelikslewe binne enkele maande tot nuut wees. **As my vrou die betaalde taak ontvang om my in alles teen te staan wat ek aanpak omdat ek daardeur dan die huis soveel beter sal bestuur, sal geen liefdesband sterk genoeg wees om daardie huwelik saam te hou nie. Maar hoeveel brosser is die bande van 'n volk as dié van 'n huwelik! En as die intiemste lewensband, naamlik dié tussen man en vrou, nie bestand is teen so 'n stelsel van gedwonge opposisieskap nie, hoe min hoop het 'n volk om verenig te bly met so 'n stelsel!**

LEI TOT BANKROTSKAP

Die partystelsel het inderdaad dan ook die een volk na die ander in magtelose verdeeldheid laat verval. Ons ken die geskiedenis van Duitsland en Italië voor die opkoms van Hitler en Mussolini. Ook Portugal, waar die partystelsel uit Engeland ingevoer is, het bankrotskap tegemoet gesnel. In die tydperk van sestien jaar voor 1927 het Portugal 43 verskillende partyregerings gehad —**gemiddeld een elke vier maande.** 'n Boer het 'n jaar nodig om vrugte op sy arbeid te sien, maar in 'n partystaat word die regering soms nie eens genoeg tyd vergun om sy teenstander se werk af te breek nie voordat hy weer omver gewerp word — soos nou ook in Brittanje gebeur waar Attlee se party reeds weer die sterkste is nog voordat Churchill sy voorganger se nasionalisasie van nywerhede te niet gedoen het. Portugal was dan ook so bankrot — nes Engeland vandag — dat geen land meer aan hom geld wou leen nie. **Nadat die partystelsel egter afgeskaf is, het hierdie land onder die sorg van dr. Salazar ontwikkel tot een van die ekonomies gesondste lande in die wêreld vandag.**

DWING WEER AF

'n Merkwaardige feit is dat die oorwinnaars van die onlangse oorlog binne enkele weke ná die wapenstilstand by die Duitse volk aangedring het om politieke partye te stig — **op 'n tydstip toe selfs die stigting van sportklubs vir die Duitsers verbode was.** Ook in Japan, wat die partystelsel nooit geken het nie, is die volk aangemoedig om partye te stig, en volgens berigte was daar op een tydstip reeds 166 partye in daardie land! **Hierdie verbrokkeling is 'n waarborg dat Japan nooit weer — solank die partystelsel daar gehandhaaf word — 'n gevaar vir sy teenstanders sal wees nie. Voordat dit gebeur, sal die Japanse wa in flenters geruk word deur die verskillende spanne osse.**

Dit moet tog duidelik wees dat 'n volk se krag nie in **verdeeldheid** lê nie, maar in **eenheid.** En as jou staat se grondwet **vereis** dat die volk in minstens twee partye **verdeel** moet word, dan is dit 'n verdeelde volk en daarom 'n magtelose volk. **En as jou veroweraar aan jou daardie verdelende grondwet gegee het, dan moet dit tog ewe duidelik wees dat hy dit gedoen het nie om jou sterk te maak nie, maar swak.**

EIE STELSEL

Die volk van Suid-Afrika kan alleen weer opstaan uit sy versinking as hy die partystelsel afskaf en vervang deur 'n stelsel van volksregering. Laat die volksverteenwoordigers regstreeks deur die kiesafdelings gekies word sonder inmenging van partye wat die gewetes van die kandidate bind, en laat ons staat op 'n grondslag van SAMEWERKING rus deur die hele volk by die staatsbestuur in te skakel soos verteenwoordig deur sy verskillende beroepe.

Ons moet 'n volksraad hê wat vry is van die „tirannie van die partysweep" en 'n volksverteenwoordiging wat bestaan uit deskundiges. Waar boerebelange vandag verteenwoordig word deur tandartse, prokureurs, advokate en wat nog, moet dit deur boere self verteenwoordig, en vir 'n groot deel bestuur word onder toesig van die staat. Dieselfde geld vir elke georganiseerde beroep. **Dan kry 'n mens 'n regering van DESKUN-**

(Vervolg in kolom 1)

VOLK BETAAL MET SY GESONDHEID VIR STELSEL

Die huidige staatstelsel van die Unie van Suid-Afrika staan in die pad van die volk se gesondheid. Nie ons alleen sê dit nie, maar elke minister van gesondheid het dit in die afgelope tien jaar gesê en elke opposisie het ingrypende optrede geëis — om dit egter nooit uit te voer wanneer hy self aan bewind is nie.

Agt jaar gelede is daar 'n verslag uitgebring deur 'n kommissie van ondersoek wat twee jaar lank met sy taak besig was. In daardie verslag is gesê dat die grootste hindernis in die pad van behoorlike gesondheidsdienste die verdeelde gesag oor hierdie dienste is. Die gesondheidsdienste van die Unie is „'n beeld van verwarring" en „letterlik 'n lappieskombers" was die bevinding. Dit is naamlik verdeel tussen die sentrale, provinsiale en plaaslike regerings.

Die voorsitter van die kommissie, dr. Gluckman, het die volgende jaar in die parlement voorgestel dat uitvoering van die aanbevelings van die verslag — onder meer sentrale beheer — oorweeg word. **Die destydse regering wou egter nie gehoor gee nie omdat hy nie bereid was om die algemene hospitaaldienste van die provinsiale owerhede weg te neem nie.**

DWANG

Die destydse opposisie het sterk pleidooie gelewer vir uitvoering van die kommissie se aanbevelings. Dokter Karl Bremer het onder meer gesê: **„Die Minister sê dat die regering ten opsigte van die provinsies nie dwang wil gebruik nie. Ek sê wel dat dwang liewer gebruik moet word as dat die gesondheidsdiens onherstelbaar moet ly. Daar behoort nie toegelaat te word dat staatsmasjinerie deur persone of groepe van persone teen die belange van die bevolking gebruik word nie."**

Dr. Gluckman het later daardie jaar self minister van gesondheid geword en in plaas van sy mooi beleid uit te voer, het hy met die verskoning gekom dat sy kommissie se verslag die ideale toestand uiteensit, „maar dat daar moeilikhede in die weg staan wat belet dat dit uitgevoer word." Vir die res van dr. Gluckman se ministerskap is nie weer van sy „ideale toestand" verneem nie. **Binne sy koukus is hy terwille van partypolitieke oorwegings nie toegelaat om uitvoering te gee aan wat hy as ideaal beskou nie.**

DR. BREMER

Daardie partybewind het geval en die Nasionale opposisie wat indertyd vir uitvoering van die aanbevelings gepleit het, het aan bewind gekom. Dr. Karl Bremer het later minister van gesondheid geword en verlede week het hierdie minister opnuut beklemtoon dat **„die huidige regeringsvorm van die Unie heeltemal ongeskik is om die gesondheidsvraagstukke aan te pak."** Hy het gesê: **„Solank die beheer verdeel is tussen die sentrale regering, die provinsies en die plaaslike besture, kan die saak nie doeltreffend aangepak word nie. Ek het die afgelope jaar hard geprobeer om onder die aandag van die verskillende partye te bring hoe belangrik dit is dat daar 'n verenigde beheer oor die gesondheidsdienste van die land moet wees, maar ek was nie suksesvol nie. Die magte teen my was te sterk, net soos dit vir my voorgangers ook te sterk was."**

Dr. Bremer, wat as minister van gesondheid reeds baie lofwaardige dinge gedoen het veral op die gebied van voorkomende dienste — waarvoor hy die daarstelling van 'n departement van voeding verkry het — moet nou ook maar aangaan met die „lappieskombers" wat die volk se gesondheid ondermyn. **Sy pogings om die partye te oortuig van sy saak, het misluk. Die partye wil hulle nie tot daadwerklike optrede verbind nie, want hulle vrees die teenstand van „Haar Majesteit se Opposisie" — wie dit toevallig ookal mag wees — sonder dat daar vir so 'n stap veel wins aan stemme sal wees.**

Die regeringsvorm wat in die pad van die volk se gesondheid staan mag nie verander word nie. Maar as die konstitusie in die pad van 'n paar setels staan, dan durf 'n party dit wel aan.

Indien die oplossing van die Ossewabrandwag, naamlik van algehele staatshervorming, nie aanvaar kan word nie, sal die beste oplossing blykbaar wees om die regerende party — ongeag wie hy is — een of twee ekstra setels in die parlement te gee as verteenwoordigers van 'n sentrale hospitaaldiens. Dan sal sentrale hospitalisasie nog voor die volgende verkiesing 'n voldonge feit wees!

Die eerste masjinerie vir die petrolfabriek by Coalbrook het verlede week aangekom. Dit is die vrug van etlike jare se pogings om 'n fabriek in Suid-Afrika op te rig wat petrol uit steenkool vervaardig. Die verwagting is dat in eenderde van die land se brandstof-behoefte voorsien sal word.

WÊRELDMOONDHEID S.A. SE TOEKOMS

Die Suid-Afrikaanse volk is sonder twyfel een van die lewenskragtigste en vooruitstrewendste volke van die wêreld en is bestemd om 'n wêreldmoondheid te word, het prof. L. J. B. Smith, hoogleraar aan die Universiteit Rhodes, verlede week voor die Grahamstadse Rotariërs gesê.

Prof. Smith het gesê dat hierdie lewenskragtigheid toegeskryf moet word aan sy stoere baanbrekersvolk, die klimaat en die hoë voedingswaarde van die Suid-Afrikaanse kos, met inbegrip van biltong en boerewors.

Suid-Afrika is op die pad om tot 'n wêreldmoondheid binne betreklik korte tyd te ontwikkel, maar die voorrade water en landbougrond sal dit moeilik maak om die nodige eersterangse voedsel te verskaf wat vir 'n groot bevolking nodig is. In dié opsig is die visvoorrade van Suid-Afrika van groot belang. Suid-Afrika behoort nie sy landbouprodukte uit te voer nie; dit put slegs ons land se grond uit, het hy betoog.

VERKIES MALTESERS BO SUID-AFRIKANERS

Die Suid-Rhodesiese regering, wat verlede jaar daartoe oorgegaan het om die immigrasie van Afrikaners in daardie land grootliks te beperk, oorweeg dit nou om nie-blanke arbeiders uit Malta in te voer — hulle is darem immers Britse onderdane, al is die kleur nie so reg nie!

Die saak het in die Rhodesiese parlement ter sprake gekom waar die minister van binnelandse sake, mnr. J. M. Greenfield, gesê het dat die regering 'n proefplan oorweeg om Maltesers as arbeiders in te voer. Voorlopig sal die regering hom tot 'n aantal gesinne beperk by wyse van proefneming. Die plan is aan die hand gedoen om Maltesers „wat lig van kleur is en blou oë het" as immigrante te laat binnekom.

'n Lid van die United Party het gesê dat dit eienaardig sal wees as Maltesers ingevoer word terwyl Kaapse Kleurlinge uitgehou word. Laasgenoemde kan hulle in elk geval beter by die landsomstandighede aanpas.

Mnr. Patrick Wise (Rhodesia Party) het die hoop uitgespreek dat die minister liewer arbeiders uit Denemarke, Nederland en Switserland sal invoer.

Naturelle val Tering ten Prooi in Stede

Afgesien van die politieke gevolge van die toestroming van Naturelle na die blanke stede is daar ook nog gesondheidsoorwegings wat hom moet laat geld ten opsigte van enige beleid in verband met die vraagstuk.

Dr. Karl Bremer het verlede week in die parlement gegewens in verband met tering verstrek wat aandui dat die sterftesyfer weens hierdie siekte sesvoudig toeneem wanneer die Naturel sy gebied verlaat en hom in die groot stede vestig. **Teenoor 'n teringsterftesyfer van 100 per 100,000 in die Naturellereservate is die sterftesyfer in die kleiner munisipaliteite 200, in die grotere munisipaliteite 300 en 600 in die heel groot stadsgebiede.**

Die toestromende Naturelle vorm dus eintlik die kiembedding van tering in ons stede. Dit is billik nòg teenoor hulle nòg teenoor die res van die bevolking.

Soos Ons Lesers Dit Sien

ONGESONDE LITERATUUR

Mev. J. Theron, Koffiefontein, skryf:

Ek wil graag onder u aandag bring hoe dikwels ongewenste literatuur versprei word — selfs deur veronderstelde hoogstaande instellings. Heel moontlik kan my opinie hieromtrent as eng en primitief beskryf word, maar ek as moeder van opgroeiende kinders wie se opvoeding hoofsaaklik van my afhang, verwelkom kerngesonde leesstof wat kan help opbou, want alleen op so 'n manier kan 'n volk met 'n sterk karakter ontwikkel word. Dit is die rede waarom ek en my man na twee maande aan 'n bekende boekskema te behoort het, die laaste twee boeke teruggestuur en bedank het as lede. Leesstof behoort 'n middel tot opvoeding en voorligting te wees, en nie 'n middel om net geld te maak nie. Ek glo daaraan om my kinders gesonde voorligting en ontspanning te verskaf, maar dit kan ongelukkig nie van 'n groot deel van ons letterkunde vandag gesê word nie.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

HORLOSIES EN BRILLE

H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAAR-WONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR, kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50


MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEES-MIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49

Beter Tabak *

maak Beter Sigarette



Kommando

Suid-Afrika se gewildste sigaret



* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-3080A

BRITSE MINISTER DANK S.A. VIR ‚VRYGEWIGHEID'

Hartlike dank aan Suid-Afrika vir die groot hulp — groter as dié van enige ander dominium — aan Brittanje verleen, is deur die Britse minister van finansies, Guy Butler, in 'n personderhoud uitgespreek waarin die Suid-Afrikaanse burger tot nog verdere opoffering aangemoedig word. In 'n onderhoud met die redakteur van Die Landstem het Butler gesê dat Suid-Afrika hom „meer as enige ander land gehelp het om die groot sterlingkrisis te bowe te probeer kom."

„Hiervoor bly hy u baie dankbaar — maar moenie dink dat die saak nou gewonne is nie. Mnr. Butler en die hele sterlinggebied, waaronder ook die Unie val, het u hulp nog verder nodig. U sal nog sonder baie goed uit Amerika en ander nie-sterlinglande moet klaarkom tot tyd en wyl die sterlingkrisis oor is," lui die berig.

Die redakteur meld dat Butler „nie vriendeliker kon gewees het nie" en hom bo etlike ander wagtendes voorkeur gegee het. Maar, lui die berig, Butler het gesê „dat hy nie 'n vaste belofte kan gee dat Engeland altyd ons vrugte en ons plaasprodukte sal koop nie."

Hierdie uitlating stem heeltemal ooreen met die Britse houding ten opsigte van Suid-Afrika. Van ons word verwag om soveel as moontlik van Brittanje te koop en nog bykomende hulp by wyse van goudverskaffing te verleen, sonder dat Brittanje wederkerig op gelyke voet van ons koop. So was ons handelsposisie met Engeland verlede jaar byvoorbeeld uitermate ongunstig. Terwyl Suid-Afrika vir meer as £166 miljoen van Engeland gekoop het, het Engeland maar vir £73 miljoen van ons gekoop. Hierdie feit het 'n ekonoom kort gelede beweeg om te verklaar dat „Engeland deur Suid-Afrika baie, baie edelmoedig behandel is."

Hierdie ekonoom, prof. H. W. J. Wijnholds, het beklemtoon dat ons dieselfde goedere wat ons van Brittanje gekoop het, veel goedkoper — in sekere gevalle tot 25 persent goedkoper — van Amerika kon gekoop het.

Maar ons het verkies om „edelmoedig" teenoor Brittanje op te tree — edelmoediger selfs as Australië en Kanada — en duur goed van Brittanje te koop en daarvoor met ons goud te betaal waarmee ons goedkoper goedere in Amerika kon gekoop het.

BELOFTE OORBODIG

Geen wonder nie dat die redakteur van Die Landstem 'n baie vriendelike mnr. Butler in sy Londense kantoor aangetref het! **Maar die heer Butler is darem nog nie so vriendelik dat hy wil belowe dat Engeland altyd Suid-Afrika se vrugte en plaasprodukte sal koop nie. Maar waarom sal hy belowe as Suid-Afrika so „edelmoedig" is dat hy sonder wederkerige verpligtinge aan die kant van Brittanje — o.a. ook ten opsigte van die Britse Protektorate — op die voorpunt is van al Brittanje se satelliete om hulp te gaan lewer?**

Butler het hom baie tevrede uitgelaat oor mnr. Havenga, na wie hy verwys as „een van die beste vriende van die sterlinglande." **„Mnr. Havenga het miskien meer as enige ander man gedoen om die krisis te bowe te help kom,"** lui dit, en dan volg Butler se uitspraak:

„BAIE VRYGEWIG"

„Suid-Afrika se houding teenoor ons was baie vrygewig. Julle het die moeilikheid goed begryp en jul deel gedoen. Veral die onmiddellike oordrag van goud na ons, was 'n baie groot hulp, waarvoor ons dankbaar was." (Mnr. Havenga het indertyd sommer 'n vliegtuig vol goud oorgestuur na Londen.)

Ten slotte lui die berig dat Brittanje se betalingsbalans nog steeds swakker word:

„Die meeste kenners van geldsake in Londen is taamlik swartgallig. Op die oomblik voer hy nog minder uit as wat hy invoer en dit verswak natuurlik die waarde van die Britse pond en bring die gevaar dat die pond in duie sal stort."

Prof. Wijnholds het in verband hiermee opgemerk dat die tekort op die Britse betalingsbalans so groot is (ongeveer £1,350 miljoen per jaar) dat die hele jaarlikse goudproduksie van Suid-Afrika (£150 miljoen) 'n druppel in die emmer sal wees. „'n Mens vra jou af of dit dan wel geregverdig is om sulke groot offers te bring as die resultaat 'n druppel op 'n gloeiende plaat is."

ZOELOES LEES VAN STALIN IN „BYBEL" AS AARTSVADER

Die vermoede dat daar sogenaamde „Bybels" onder die Bantoes in Suid-Afrika versprei word met kommunistiese propaganda waarin Lenin en Stalin saam met sulke Bybelfigure soos Noag en Abraham verskyn en voorgestel word as deelhebbers aan die skepping, en dat die verspreiding van hierdie „Bybels" deur middel van die Russiese konsulaat in Pretoria geskied, word uitgespreek in Belgiese koerantberigte.

Die Gazet van Antwerpen berig in dié verband dat sulke Bybels in Zoeloe onder die Zoeloes versprei word en dat dit bestaan uit 'n vermenging van die Ou Testament met die geskiedenis van die Kommunistiese Party sodat Lenin en Stalin voorgestel word as persone wat aan die skeppingswerk deelgeneem het. **Die persone wat die inligting sou verstrek het, meen dat die „Bybels" in Moskou uitgegee word en deur die toedoen van die Sowjet-unie se konsulaat-generaal in Pretoria in die hande van die Naturelle kom.**

DUITSE BEESBOER SOEK BETREKKING

'n Hardwerkende Duitse boer, 52 jaar oud, getroud maar sonder kinders, vra 'n betrekking as bestuurder op 'n plaas. Hy was baie jare bestuurder van 'n groot beesboerdery (12,000 beeste) in Suid-Amerika en het ondervinding in tropiese en subtropiese boerdery-toestande. Rig antwoord aan „Beesboer," Posbus 1411, Kaapstad. (Adv.)

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY **SANLAM** IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind – by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

★

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN
Besoek ons of skryf om besonderhede


Wonderland vir Reisigers

Gaan u op Reis?


LAAT DIE DESKUNDIGES U HELP!

Waarheen u reis ookal gaan, sal dit tot u voordeel strek indien u die S.A.S.-Reisburo u met u planne laat help. Daar bestaan dertien buro's in Suidelike Afrika, elkeen ten volle toegerus om u eersteklas, intelligente diens te bied. Dus, waar die reis ookal heengaan—na Londen of Oos-Londen, na die Drakensberge of die Alpe—laat die reëlings gerus maar in die bekwame hande van die deskundiges by u naaste S.A.S.-Reisburo, wat alles tot in die fynste besonderhede sal beplan.

Ook sakelui beplan hul reise oorsee in oorleg met die S.A.S.-Reisburos. Hulle lê hul veral toe op die reëling van passasies, dog deur middel van samewerkende agente dwarsdeur die wêreld, behartig hulle ook hotelakkommodasie sowel as al die bykomende besonderhede.



DIE KRUGERWILDTUIN moet *deur elke toeris besoek word. Die S.A.S.-Reisburo reël volledige toere deur die Wildtuin, met inbegrip van vervoer, akkommodasie en alle maaltye.*



T.S.K.

N 860-IONNEK — 2,000 *voet bo die seespieël! Hierdie skip, die Robert Coryndon, vaar gereeld op die Albertmeer op die grens tussen Oegandа en die Belgiese Kongo. Al hoe meer vakansiegangers vanaf Suid-Afrika word deur die gebiede in Midde-Afrika aangetrek. U naaste S.A.S.-Reisburo kan u oor hierdie streek inlig, en ook natuurlik reëlings vir u vervoer en akkommodasie tref.*

Gaan dan eers na die S.A.S.-REISBURO

JOHANNESBURG - KAAPSTAD - DURBAN - PRETORIA - PORT ELIZABETH
OOS-LONDEN - KIMBERLEY - BLOEMFONTEIN - PIETERMARITZBURG - WINDHOEK
BULAWAYO - LOURENCO MARQUES — Indien u nie in die nabyheid van enigeen van hierdie kantore woon nie, sal u Stasiemeester graag navrae namens u behartig.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

AANLEGTOETSE VIR TOELATING VAN VAKLEERLINGE TOT DIE SPOORWEGDIENS

Vir algemene inligting word bekend gemaak dat aanlegtoetse vir toelating as vakleerlinge tot die Spoorwegdiens binnekort op die volgende toetssentrums afgeneem sal word:

Pretoria.	Uitenhage.
Johannesburg.	Oudtshoorn.
Pietermaritzburg.	Kaapstad.
Durban.	Kimberley.
Bloemfontein.	Upington.
Oos-Londen.	Windhoek.

Seuns wat standerd ses met goeie gevolg afgelê het of in November/Desember 1952 sal aflê, en op 30 September 1952, vyftien jaar of ouer maar nog nie neëntien jaar sal wees nie, kan vir die aanlegtoetse inskryf.

Seuns wat neëntien jaar of ouer is, maar hoër opvoedkundige kwalifikasies as standerd sewe, of spesiale kwalifikasies besit, asook diegene onder vyftien jaar maar wat daardie ouderdom op of voor 2 Januarie 1953 sal bereik, kan toestemming van die Departement kry om die aanlegtoetse af te lê, en elke geval sal op sy meriete behandel word.

Seuns wat die toetse verlede jaar afgelê het mag vanjaar ook aansoek doen mits hulle aan voornoemde vereistes voldoen. Nader besonderhede kan van enige werktuigkundige ingenieur, afdelingsbestuurder of stasiemeester verkry word.

Kandidate moet die aanlegtoetse op die toetssentrum naaste aan hulle tuiste aflê, en aansoek om vir die toetse in te skryf, **saam met die geboorte- en skoolsertifikaat van die applikant, moet betyds ingestuur word** om die naaste werktuigkundige ingenieur of die afdelingsbestuurders, Kimberley, Johannesburg of Windhoek nie later as 30 Junie 1952 te bereik nie. **Laat inskrywings sal nie aangeneem word nie. Aansoeke om vir die aanlegtoetse in te skryf, moet nie aan die Hoofbestuurder gestuur word nie.**

Kandidate wat na 'n toetssentrum reis met 'n spoorwegvrypas deur die Administrasie verskaf, en later 'n aanbod van die hand wys om as vakleerling in die Diens aangestel te word, moet die Administrasie vergoed vir die reis wat onderneem is.

W. HECKROODT,
Hoofbestuurder.

S.103/25/2/53

Goudkus Eis Meer Vryheid

Die Goudkus, aan wie Brittanje onlangs beperkte selfbestuur toegeken het, dring tans aan op volkome selfbestuur binne die Britse Statebond.

Die opperhoof, sir Ossei Prempeh die Tweede, het aan die Britse minister van kolonies gesê dat die kapteins die nuwe grondwet verwelkom het, maar dat latere gebeurtenisse bewys het dat dit tekort skiet aan die volk se verwagtings. Die verkryging van selfregering moet nie 'n partypolitieke saak wees nie, het hy gesê.

§ „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad